Augustus
1958

KOERS

DEEL XXVI NOMMER TWEE

# DIE MENS EN SY ARBEID

## 1. Inleiding.

DIT word algemeen aanvaar deur bykans alle ondersoekers van die sosiale vraagstuk, meer in besonder die vraagstukke wat lê op die gebied van die arbeid en die arbeidsverhoudinge, dat die **oorsake** van die moeilikhede van die twintigste eeu, vir 'n groot deel, gesoek moet word in die samelewing van die neëntiende eeu. Immers in hierdie eeu het die Westerse samelewing op 'n baie beslissende wyse **'n nuwe rigting** ingeslaan, as gevolg van die opkoms en uitbreiding van die moderne grootindustrie (industrialisme) met die daarmee innig verbonde handel en moderne finansiewese.

Hierdie nuwe rigting, afgesien van sy positiewe, goeie resultate, soos o.a. die lewensverheffing, wat indirek afgelei kan word uit die enorme bevolkingsaanwas, en die toenemende welvaart, dank sy die tegniek, word meesal gesien as 'n **ontsporing**, 'n **misvorming** van die samelewing, as 'n verkeerde rigting, en baie ondersoekers meen dan ook dat in die ontoelaatbare sosiale **wantoestande** van die vorige eeu die bron van al die moeilikhede van die twintigste eeu gesoek moet word. Hierdie opvatting egter is maar gedeeltelik waar, en eintlik oppervlakkig en eensydig. Hierdie oppervlakkigheid en eensydigheid kan alleen oorwin word deur ook die geestelike ontwikkeling van daardie tyd in aanmerking te neem, naamlik die **ontkerstening** van die lewe in die vorige eeu, maar ook reeds daarvoor. Ook hierdie feit het groot invloed gehad op die gang van sake, op die rigting wat voortaan ingeslaan sou word. Wie hierdie feit ontken, of nie genoegsaam in die diskussie betrek nie, bly met sy oorsake aan die oppervlakte en faal in sy geneesmiddel.

## 2. Die Sosiale vraagstuk: 'n arbeidersvraagstuk.

Dit is heeltemal juis — en hiermee konstateer ons maar net 'n historiese feit — dat die sosiale vraagstuk van die neëntiende eeu vereenselwig is met die arbeidersvraagstuk, en wel omdat die nood van die arbeiders die ondersoekers die meeste toegespreek het. Hierdie besondere noodtoestand van die arbeidersklasse was die eerste en die meeste in die oog springende verskyningsvorm van

die sosiale vraagstuk van die Westerse samelewing. Hoe moeilik dit ook al is om vanuit ons tyd die arbeidsverhoudinge te begryp, gesien die omstandighede van daardie tyd, aan een feit kan niks afgedoen word nie, en dit is dat aan die arbeiders en hulle gesinne 'n groot en gruwelike onreg gepleeg is. Dit val nie te betwyfel nie dat, in die algemeen gegesproke, die werkstye, die werksomstandighede in kantore, fabrieke en werksplekke, die karige beloning, die behuising van die arbeiders en hulle vroue en kinders, die toets van die kritiek nie kon deurstaan nie.

Die Engelse digter Thomas Hood (1798-1845) o.a. het hierdie ekonomiese en sosiale nood en kommer van die arbeidersklas geskilder in sy diep-patetiese gedig „The Song of the Shirt", o.a. in die volgende vers:

> Oh Men, with sisters dear!
> Oh Men, with Mothers and Wives!
> It is not linen you're wearing out
> But human creatures' lives!
> Stitch—stich—stitch
> In poverty, hunger and dirt,
> Sewing at once with a double thread
> A Shroud as well as a Shirt.
>
> Oh God! that bread should be so
> dear and flesh and blood so cheap!

Die arbeid was gedegradeer tot koopwaar, wat g'n ander betekenis en inhoud gehad het nie as net sy teëwig in geld. Die arbeider self, die medemens in die werk, was uitsluitend gesien as 'n verlengstuk van die masjien, en as die werkgewer nog iets in sy guns onderneem het, was die motief nie naasteliefde nie, maar om die mens-masjien beter te laat funksioneer. Die groot liefdegebod van Christus het hier nie gegeld nie.

Dat Karl Marx so getoorn het oor hierdie sosiale onreg wat die arbeiders aangedoen is; dat hy so skerp onderskei het tussen werkgewers (kapitaliste) en die werknemers (proletariaat) en hulle onverbiddelik teenoor mekaar gestel het; dat hy die klassestryd verkondig het om hierdie onreg te herstel — dit alles was vir die eerste helfte van die neëntiende eeu, volkome reg.

3. **Kentering in die twintigste eeu.**

Hierdie magsposisie van die werknemers (kapitaliste) het egter nie onbetwis gebly nie. Daar waar die onderdrukking die grootste was het die weerstandkragte ontstaan, soos dit altyd gebeur het in die maatskappy van alle tye. Die arbeidsbeweging met die daarmee gepaard gaande vakbondwese het opgekom en hulle georganiseer teenoor die mag van die werkgewers. Dat die arbeidersbeweging 'n tipiese reaksieverskynsel was teen die laissez faire kapitalisme wat voortgekom het uit nood, ellende en onreg van die proletariese lot, berus op soveel goeie gronde dat dit algemeen aanvaar word. Tog wil ek daarop wys dat die arbeidersbeweging in Europa in sy geheel nie alleen uit sosiaal-ekonomiese motiewe verklaar moet word nie, maar dat dit ook gesien moet word as 'n beweging wat op sy eie wyse vorm gegee het aan 'n regsorde wat berus op vryheid en verantwoordelikheid, van die arbeiders, wat net so goed reg het op die moontlikhede van 'n menswaardige bestaan en vryheid as enige ander groep in die maatskappy. Dat die arbeidersbeweging van die begin af aan sy vernaamste aandag gegee

het aan die ekonomiese posisie (lone) van die arbeiders was heeltemal begryplik omdat hulle sosiale nood en kommer ten nouste daarmee verbind was.

In hierdie verband wys ek daarop dat die sosialistiese arbeidersbeweging, onder leiding van die Marxistiese ideologie, veel verder wou gaan as bloot die verbetering van die ekonomiese posisie van die arbeiders. Soos hulle die verhoudinge tussen die werkgewers en die werknemers gesien het, was dit nie alleen vrugteloos nie maar ook onmoontlik om die lot van die arbeiders in die bestaande kapitalistiese maatskappy te verbeter. Die enigste weg was die magstryd tussen die werkgewers en werknemers, maar dan nie 'n stryd om die verstoorde verhoudinge tussen die werkgewers en die werknemers te herstel nie, maar 'n stryd wat beoog het om die rolle om te draai, die vernietiging van die onderdrukkers (die bose kapitaliste) en die oorneem van die mag deur die organisasie van die werknemers (die brawe proletariërs) ten behoewe van die arbeiders.

Die nuwe, moderne, twintigste-eeuse sosialistiese arbeidsbeweging wat hom afgeskei het van die radikale kommunistiese lyn, het die foute en dwalinge van die ou sosialisme in 'n belangrike mate hersien, maar nog nooit heeltemal opgehef nie. Die nuwe beweging neem nog altyd 'n dubbelslagtige houding in teenoor rewolusies, politieke stakinge en klasseverhoudinge binne en buite die arbeidslewe, soos dit op die oomblik weer openbaar word in Engeland en Frankryk, met sy herhaalde stakings en arbeidsonluste. Die gedagtewêreld van Marx het hulle, in Europa altans, nog nooit geheel en al losgelaat nie. In Amerika is die Marxistiese ideologie heeltemal afwesig. Die geestelike klimaat tussen Europa en Amerika is o.a. daarvoor verantwoordelik.

Daarteenoor was en is dit nog altyd die eer en die verdienste van die Christelike arbeidersbeweging dat dit nooit so 'n radikale breuk tussen die leiers (werkgewers) en die geleides (werknemers) wou bewerkstellig of begeer het nie, maar die herstel van 'n waarlik menslike werkgemeenskap bepleit het, 'n arbeidsgemeenskap waarin die arbeider as vrye en verantwoordelike mens, en as naaste, gerespekteer word. Reformatoriese praktyk teenoor rewolusionêre doelstelling — siedaar die prinsipiële teëstelling tussen hierdie twee vorme van arbeidersbeweging.

Onder die druk van 'n sterk georganiseerde en dikwels militante arbeidersbeweging; onder invloed van verbruikerskoöperasies, met die diensmotief as grondslag, i.p.v. die winsmotief; met die steun van politieke partye, met 'n uitgesproke sosiale hervormingsprogram (arbeiderspartye); met 'n appèl op die publieke gewete deur sosiale hervormers met 'n nuut ontwaakte Christelike sosiale bewoënheid — al hierdie en nog ander faktore — het die staat, ook in belang van die algemene welsyn ooreenkomstig die eis van sosiale geregtigheid in byna alle Europese lande, teen die end van die neëntiende en aan die begin van die twintigste eeu, 'n sosiale en ekonomiese politiek begin voer, wat ten doel gehad het die verlossing van die arbeidersklasse uit hulle proletariese bestaan, wat gekenmerk was deur nooddruf en bestaansonsekerheid. Die vrug

hiervan was dat die bevryding van die arbeidsklasse uit hulle treurige lewensomstandighede in 'n verregaande mate bereik is. Deur billike en menswaardige loonvasstelling, kollektiewe arbeidsooreenkoms, het in die algemeen die materiële posisie sterk verbeter. Van die vroeëre bestaansonsekerheid is nie meer sprake nie, danksy 'n sosiale sekerheid en werkloosheidsversekering, wat die spil geword het waarom die hele samelewing draai. (In Engeland: Beveridge met sy „Full employment in a free society". In Amerika: New Deal-politiek van Roosevelt).

In Suid-Afrika het ons ook met die skadukante van die arbeidersvraagstuk kennis gemaak, maar die klassestryd waarin die vlam van haat teen die werkgewers aangeblaas word tot gloeihitte, soos dit in Europa voorgekom het - daarvan weet ons nie. Ook ekonomiese krisisse, wat inherent is, of was, aan die vrye kapitalisme, met groot verlies van kapitaal by die ondernemers, en vir die arbeiders massale werkloosheid, met al wat daarby hoort, het ons in die dertiger jare ook gehad. Ook stakings, bv. die staking van die mynarbeiders in 1922, waarby bloed gevloei het, is nie by ons onbekend nie. Maar tog was dit alles nie op so 'n kolossale skaal as in Europa nie, en het dit nooit die geweldige nawerking gehad as wat Europa ondervind tot vandag toe nie.

Dadelik aan die begin van ons industriële ontwikkeling, wat eintlik nog maar in sy kinderskoene staan, kon ons in ons sosiale wetgewing profiteer van die ervaringe en resultate van die ouer lande en nuwe lande soos Amerika, waar die tegniek en die wetenskap op die oomblik in 'n verdere stadium van ontwikkeling is as in Europa. Ons sosiale wetgewing is 'n taamlik veilige waarborg teen arbeidsonluste en werkloosheid, altans vir sover dit die blanke bevolkingsdeel geld.

In hoever dit dieselfde waarborg bied teen arbeidsonluste by die nie-blanke is seker 'n saak wat ons ernstige aandag in die nabye toekoms verdien. Ek dink bv. aan die onlangse busboikot, wat vir die betrokke busmaatskappy 'n groot finansiële verlies beteken het, 'n sterk solidariteitsgevoel by die nie-blanke openbaar het, 'n tydelike ontwrigting in die ekonomiese lewe veroorsaak het en 'n twisappel tussen die politieke partye geword het. Ook is daar die onvriendelike reaksies wat gevolg het op die onlangse werkreservering. Ook die vraagstuk van die vakbondwese onder die nie-blanke hang ten nouste saam met ons toekomstige industriële ontwikkeling. Laat ek dadelik hier byvoeg dat al hierdie sake 'n hoogs gespesialiseerde kennis en 'n diepgaande ondersoek vereis. Een feit staan egter vas en dit is dat die arbeidersbeweging, en alles wat daarmee saamhang, wat in 'n harde en bloedige stryd gevorm is, op 'n bepaalde wyse en vorm, tot uitdrukking gebring 'n tipiese Westerse en Christelike erfgoed, wat ons die nieblanke op die lang duur nie kan en mag onthou nie.

### 4. Die Nuwe visie op die arbeidsvraagstuk.

Met hierdie kentering aan die end van die neëntiende en aan die begin van die twintigste eeu het daar dan ook 'n nuwe, baie breër en diepergaande visie op die arbeidsvraagstuk tot ont-

wikkeling gekom. Dit is 'n visie waarin die vraagstuk nie meer gesien word as 'n klasseprobleem nie, en wel omdat dit in die twintigste eeu eenvoudig nie bestaan nie. Die dinkskema van 'n absolute tweedeling van die 19de eeu pas nie meer in die 20ste eeu, eenvoudig omdat ons, danksy die tegniese onderwys, met sy vakleerlingskap, tegniese universiteite en hoërskole, wetenskaplike opleiding, 'n hele ekonomiese en sosiale gelaagheid (strata) kry in die industriële lewe, bv. die ongeskoolde arbeiders, die halfgeskoolde arbeiders, die hooggeskoolde arbeiders, die moderne produksietegnici, die hoogste amptenare, die akademiese gevormdes, die bestuurders, met al die moontlike tussenposisies, onderbestuurders, afdelingsbestuurders.

Die kern van die nuwe visie is 'n sodanige maatskappy dat daarin die fundamentele betekenis van die **mens** in die arbeid, geestelike en liggaamlike, erken word en in sy persoonlikheid tot sy reg kom. So gesien is dit 'n vraagstuk wat elke mens raak in ons moderne twintigste-eeuse samelewing. Geen wonder nie dat die hele kompleks van die vrae rondom die arbeid uitgegroei het tot een van die geweldigste probleme van ons kultuur. Die vraagstuk gaan om die daarstel van daardie **voorwaardes** in die maatskappy waaronder die persoon wat kan en wil werk, sy arbeid moet verrig sodat hy in sy eie onderhoud en in die van sy gesin kan voorsien op 'n sodanige wyse dat dit vir hom en sy gesin die moontlikhede van 'n geestelike, sedelike en kulturele ontplooiing inhou. In hierdie lig beskou kan die arbeidsvraagstuk dus nie losgemaak word van die kultuurvraagstuk nie.

Konkreet gestel, en sterk vereenvoudig, is die vraag dit: hoe 'n nietige mens nog in staat is om menswaardig te lewe, en te arbei in ons moderne reusagtige en ingewikkelde samelewing wat opgebou is en nog steeds ontwikkel op die volgende grondslae:

(a) 'n steeds toenemende industrialisme wat gepaard gaan met 'n grootskaalse verstedeliking, en wat kulmineer in die moderne groot stad, waarin die mens vereensaam, „the lonely crowd";

(b) 'n tegniek wat nog steeds met reusespronge vooruitgaan en wat die noodsaaklike voorwaarde is vir die in stand hou en handhawing van die moderne kultuurpeil, wat alreeds so enorm gestyg het;

(c) 'n wetenskap wat hand aan hand met die tegniek gaan en waarsonder die industrialistiese produksieapparaat nie daardie hoogtes van massaproduksie kan bereik nie;

(d) 'n kapitalisme wat nog steeds die sosiaal-ekonomiese stelsel en agtergrond vorm van ons hele Westerse samelewing, met sy internasionale tendense, soos ons dit vandag sien. Amerika wil meer geld belê in Suid-Afrika, en Suid-Afrika leen van die buiteland. Die ekonomiese lewe, die tegniek en die wetenskap het maar altyd die neiging om nasionale grense uit te wis, en word gedra deur die winsmotief. As die rentekoers bv. hoër is in Engeland as in Suid-Afrika, dan „vlug" die kapitaal daarheen, en as dit omgekeerd die geval is dan „vlug" die kapitaal hierheen;

(e) organisasie met behulp van tegniek en wetenskap. Hier het ons te doen eerstens met die saambinding van groot getalle mense wat werksaam is in een bedryf, kantoor of fabriek tot 'n arbeidsgemeenskap. Tweedens, met die saambinding van 'n groot aantal arbeiders met die masjiene en die tegniese apparate waarmee hulle moet werk. In albei gevalle is die **bindmiddel** die wetenskaplik beplande en goedversorgde **organisasie** met die hulp van die wetenskap en die tegniek. (Kommunikasietegnieke: telefoon, telegraaf, radio, ens.). Om hierdie organisasie glad te laat verloop, kry ons dus enersyds beplanning, die dra van verantwoordelikheid, die finale beslissinge by die top van die piramide van die arbeidsgemeenskap, en gevolglik magskonsentrasie by die topfigure, en andersyds vryheidsverlies en onverantwoordelikheid by die **basis** van die arbeidsgemeenskap. Dit beteken o.a. dat die arbeiders hulle stiptelik aan die voorskrifte, maatreëls en beslissinge, wat van die top af op hulle neersak, moet hou. Die resultaat hiervan is dat die individuele arbeider, met die massa-arbeiders om hom, veral in die fabriek met sy massaproduksie, die gevoel kry dat hy 'n nommer is. „A small cog in a vast machine". Die werksman kry die besef dat hy alleen staan, dat hy nie wesenlik by die enorme arbeidsgemeenskap behoort nie omdat hy van sy medeverantwoordelikheid en sy medeseggenskap beroof is en maar alleen daar is om sy loon. In so 'n geval het ons te doen met die ergste vorm van loonslawerny. Is dit te veel gesê dat vir duisende arbeiders in die grootindustrie hulle arbeid slawerny is, en bitter min arbeidsvreugde oplewer.

5. **Die mens en sy arbeid.**

(a) Dit is teen hierdie sosiaal-ekonomiese agtergrond dat ek enkele aspekte van die mens en sy arbeid wil belig, en dan wil ek vooraf vir ons doel 'n paar prinsipiële hooflyne aangee oor ons mens- en arbeidsbeskouing. Die arbeid behoort tot die wese van die mens, tot die karakteristiek-menslike, tot die adel van die mens: hy is geroepe om 'n heerser te wees ook in sy arbeid.

Die arbeid is geen noodlot, of 'n vloek of 'n droewige lot, waarin die mens nou eenmaal moet berus nie. Arbeid is 'n opdrag, 'n taak om die aarde te onderwerp en te ontgin, om die kultuur te ontplooi, in diens en tot nut van die mens, en tot eer van God.

Die arbeid vervul ook 'n uiters gewigtige sosiale funksie. In die arbeid tree die mens tegelyk in gemeenskap met sy medemens en belewe hy hierdie gemeenskap as 'n wesentlike element van sy bestaan en van sy verantwoordelikheid teenoor sy medemens. En nou is dit die tragedie van die hoogmoed van die mens dat hy hom verhef op die resultate van sy arbeid, hierdie resultate omsit in 'n magsposisie, en in koue selfsug en onbarmhartigheid sy medemens vergeet. En dit is o.a. die krisis in die arbeid dat die mens in baie gevalle die arbeid sien as bloot 'n broodwinning, 'n las, en 'n vloek, m.a.w. die religieuse en sedelike betrokkenheid van die arbeid op God en op sy medemens totaal negeer.

(b) Laat my nou na hierdie algemene teoretiese oorweginge terugkeer

tot die daaglikse lewenspraktyk en arbeidspraktyk van die harde werklikheid. Daar tref ons heeltemal ander dinge aan. Twee van hierdie dinge wil ek kortliks behandel, t.w. (i) die spesialisering in die arbeid en (ii) die devaluasie van die arbeid.

(i) Op sigself is spesialisering in die menslike arbeid nie 'n euwel nie; inteendeel, dit is een van die noodsaaklike voorwaardes vir die ontwikkeling en ontplooiing van die menslike samelewing. Daar kom nog by dat die een mens nou eenmaal vir hierdie soort werk en die ander vir daardie soort werk in die wieg gelê is.

By die voortgaande ontwikkeling van wetenskap en tegniek soos hierbo aangedui, neem die omvang en die verfyning van kennis en vaardigheid so toe, dat die mens selfs gedwing word om te spesialiseer as hy 'n werklik produktiewe en kundige vakman op sy bepaalde gebied wil wees.

Hierdie spesialisering word egter fataal vir die mens as dit sover deurgevoer word bv. in die fabriek dat die mens, aan die lopende band 'n enkelvoudige handeling met die reëlmaat van 'n uurwerk baie male per minuut, elke minuut van die uur, elke uur van die dag, elke dag van die week, elke week van die jaar, eentonig moet herhaal.

Die prys wat betaal word vir hierdie ver deurgevoerde spesialisering, eintlik splitsing van die arbeid, is dat die mens sy vryheid in die arbeid verloor, van sy verantwoordelikheid vir die arbeid onthef word. Belangstelling in sy werk bestaan nie meer nie, en sy inisiatief word verstik. Hy ontwikkel 'n volkome passiewe instelling teenoor sy arbeid, en hy word bevrees vir elke vorm van verantwoordelikheid. So word die mens van die vryheid en verantwoordelikheid gespeen en geestelik steriel gemaak. Hy word die massamens, binne en buite die fabriek. Hier word 'n geestelike moord op die arbeid gepleeg en die mens ontadel.

(ii) Nog erger word dit wanneer ons kom by die heel laaste fase van die spesialisering, nl. die wesentlike ontaarding van die arbeid self. Kon ons nog iets goed sê van 'n gesonde spesialisering, by hierdie fase is daar niks goeds te sê nie, nl. die devaluasie van die arbeid. Hierdie devaluasie kom daarin dat die arbeid nou geen sin en geen betekenis vir die arbeider het nie. Alle kontak met die eindresultaat van die arbeid, of vir die persoon, waarvoor dit bestem is, is verbreek. Dit is die soort arbeid wat net so goed deur geestelik minderwaardiges gedoen kan word, soos proewe met debiele inderdaad bewys het. Gevoel, vaardigheid en denke is totaal uitgeskakel. Hulle sal selfs steurend werk. Die mens is gedegradeer tot 'n robot. Laat ek hier volstaan met 'n sitaat van een van die beroemste ondersoekers op hierdie gebied, Norbert Wiener: „The Human use of Human Beings: It is a degradation to a human being to chain him to an oar and use him as a source of power; but it is an almost equal degradation to assign him a purely repetitive task in a factory, which demands less than a millionth of his brain capacity".

6. **Die Herstel van die arbeid.**

Sal hierdie gedevalueerde arbeid met die verdere ontwikkeling van tegniek en wetenskap afneem of toeneem? Dit

is die benoudende vraag vir die toekomstige ontwikkeling van ons kultuur en is die antwoord: outomatisasie van die arbeid? Op hierdie vraag kan ons nou hier nie ingaan nie.

Na alles wat ek hierbo gesê het, kan ek kort wees. Laat my dan net 'n paar opmerkings maak oor die eerherstel van die arbeid, en die herstel van die mens in die eer van sy arbeid.

Die essensie van ons lewe is die roeping tot die arbeid; dat ons verdien en beloon word, om te kan werk en nie omgekeerd nie; ons beloning is die vrug van vrye en verantwoordelike arbeid; ons vrye tyd is ontspanning van ons arbeid, en mag nie meer tyd in beslag neem as nodig is vir die ontspanning nie; dat die weelde en goeie bestaan nie die selfgenoegsame einddoel en die sin van ons bestaan uitmaak nie, maar as een van die seëninge van die arbeid is, maar wat nóg die voorwaarde nóg die sin van ons lewe op aarde is. Die arbeid is geen noodsaaklike kwaad nie, geen ekonomiese koopwaar nie, geen inleiding tot die vrye tyd nie, geen broodwinning nie, maar ten diepste die uitvoering van die kultuuropdrag deur ons Hemelse Vader op ons gelê.

D. C. S. DU PREEZ.

P.U. vir C.H.O.